



# Bind vriende saam rondom 'n oop Bybel

Uitgawe # 7

## Oorlog

### Verwelkoming en Gebed

*Liewe Here, baie dankie vir hierdie tyd wat ons saam met mekaar kan spandeer. Ons weet nie alles nie, veral nie wat in die geesteswêreld gebeur nie – maar U weet. U weet alles. Here, leer ons u weë, versterk ons geloof, gee ons die nodige kennis, en seën ons met wysheid. Heilige Gees, lei ons ook nou in ons tyd saam. In Jesus se Naam. Amen*

### Kyk terug...

**Wat het ons verlede week geleer? (Opsomming)**

**Hoe het verlede week se boodskap deel geword van JOU lewe?**

**Wat en hoe het dit gebeur?**


Die afgelope tyd word ons oorval met nuus oor bomaanvalle, moord, pyn, teregstellings, lyding, noem maar op – alles bese dade. Onskuldige mense word die teikens van sulke bese en gewelddadige dade

Hou in gedagte dat nie alle bese dade die voorblad haal nie. Duisende bese gruweldade word daagliks gepleeg waarvoor geen beriggewing gedoen word nie, omdat dit nie nuuswaardig is nie. Hierdie “stille” booshede is net so gevaarlik soos die nuuswaardige booshede.



### Gesprekspunt #1

Laat elkeen die onderstaande vrae volgens die “Skaal van Boosheid” beantwoord:



- Watter “nuuswaardige booshede” het die afgelope week die nuus gehaal?
- Watter “stille booshede” het jy die afgelope week raakgesien?
- Watter een het die laagste gemeet en watter een die hoogste? Hoekom?
- Wat is jou definisie en verstaan van boosheid?
- Waar kom boosheid vandaan?
- Hoekom is daar iets soos boosheid?

Het jy geweet dat jou lewe ook êrens op die skaal geplaas word? Dink oor die sondes wat jy onlangs gepleeg het, waar sal jy jouself op die skaal plaas? God diskrimineer nie teen enige sondes nie, Hy sien dit ook nie as verskillend van mekaar nie. Kyk weer na die skaal. Net soos die een pyl na die duiwel lei, weg van God af, is daar ook die kruis wat ons teruglei na God toe. Dit is hoe God sonde, kwaad en boosheid sien. Die doel van sonde is om ons weg te trek van die reddende genade af na die bose een toe. Dit is hoekom Jesus gekom het – om ons te red. Vir God is sonde sonde, en genade is genade – wat kies jy?

LEES

1 Petrus 5:8-9

“THE ONLY THING  
NECESSARY FOR THE  
TRIUMPH OF EVIL  
IS FOR GOOD MEN  
TO DO NOTHING.”  
EDMUND BURK

Wat vertel hierdie gedeelte vir jou oor...

- ...die duiwel?
- ...jouself?
- ...ander gelowiges?
- ...lyding, vervolging en boosheid?

Gesprekspunt #2

LEES

Efesiërs 6:10-20

Kern-  
fokus

*Efesiërs 6:10 Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.*

Gesprekspunt #3

- 1) Wat tref jou in hierdie gedeelte?
- 2) Wat dink jy is die hoofgedagte?
- 3) Gaan een vir een deur elke deel van God se wapenrusting. Hoe moet jy elke deel elke dag dra om gereed te wees vir die duiwel se aanvalle?
- 4) Hoe sal dit lyk as Christene hierdie les/boodskap in hulle lewens begin toepas?
- 5) Wat sê Jesus vir JOU, terwyl jy oor hierdie gedeelte nadink?
- 6) Kyk weer na die prentjie op die vorige bladsy. Wat moet jy doen om “op jou pos te bly”?
- 7) Hoe kan jy hierdie les/boodskap deel maak van jou lewe?

Kyk in die spieël

*Reflekteer by die huis*

Net Jesus kan ons verlos van die bose. Jy sal verskillende vervolgings op aarde beleef; maar **"dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin,"** sê Jesus in Johannes 16:33.

- Kyk weer na die aanhaling aan die bokant van die bladsy: watter “goeie dinge” doen jy?

Gebedsverseeke

Here God, U weet wat die werklike oorlog is wat nou beslis word. Die duiwel is op ons spoor. Hy sal enigiets doen om ons van U af weg te lei. Help ons om elke dag getrou die wapenrusting aan te trek, sodat ons nader aan U heiligheid kan beweeg, weg van die bose af. Jesus, dankie dat u ons kom red het. Amen

Uitsending

Wie gaan die volgende #CCC fasiliteer?

Plek:  
Datum:  
Tyd: